

NUWE NAAM VIR LUS?

Van ons Ou Testament redaksie

LUS. - 'n Reisiger wat hier oorgeslaap het, ene Jakob seun van Isak, het in die nag só 'n verruklike visioen gesien dat hy 'n ernstige pleidooi tot die stadsvaders gerig het om die stad se naam te verander na Bet-El, wat "huis van God" beteken.

Volgens Jakob het hy in die visioen 'n leer op die aarde sien staan. Die punt van die leer het tot in die hemel gereik, en engele van God het op en af met die leer geklim. Hy beweer dat God self toe aan hom verskyn het, vandaar die naam Bet-El. Jakob het ook vanoggend 'n gedenksteen hier opgerig om die gebeurtenis in herinnering te hou.

Kanaän Granietwerke



- Grafstene
- Plekname
- Straatname

Ons meestersvakmanne sal
jou naam verewig!

Besoek ons vandag nog by Lus.

Inwoners van die stad met wie ons gepraat het, is nogal nie ongeneë vir die nuwe naam nie. Hulle wag egter om te kyk wat die stadsvaders gaan besluit. 'n Raadsvergadering om die voorgestelde naamsverandering te bespreek, is vir volgende Dinsdag belê.

- Lees hiervan in [Gen. 28:10-22](#).

Profeet oorleef drie dae in vis se maag



Die profeet Jona, veilig op land

JOPPE. – 'n Man het gister in 'n gehawende toestand hier aangekom nadat hy na bewering drie dae en drie nagte lank in 'n vis se maag was.

Die man wat hierdie ongelooflike ervaring gehad het, is Jona seun van Amittai, 'n hofprofeet van Israel. Hy was op pad na Tarsis, ook bekend as Spanje, toe 'n geweldige storm die skip waarin hy gereis het, oorval het. Hy het oorboord geval en sou waarskynlik verdrink het as die vis hom nie ingesluk het nie.

Die vissers wat hom op die strand gekry het, het sy storie bevestig. Hulle sê hulle het gisteroggend 'n reusagtige vis naby die strand opgemerk, maar hy is weer weg voordat hulle naby hom kon kom. Kort daarna het hulle die man op die strand sien lê.

Die Bybelkoerant het verneem dat Jona van God af wou wegvlug toe die storm op see hom oorval het. Jona wou egter nie enige kommentaar lewer oor die berigte nie.

- Lees hierdie ongelooflike verhaal in [Jona 1](#) en [Jona 2](#).

Koning onthaal vyand in paleis

SAMARIA. – Koning Joram het gister sy politieke raadgewers die harnas ingejaag toe hy 'n gulde kans om die Arameërs 'n gevoelige knou toe te dien, deur sy vingers laat glip het. 'n Sterk Aramese mag het in 'n lokval beland toe hulle niksvermoedend Samaria binnegekom het. Die koning het hulle gevang, maar in plaas daarvan dat hy dié elite-troepe laat doodmaak het, het hy hulle in die paleis

onthaal voordat hy hulle na hulle koning teruggestuur het.

Die man wat vir die lokval én die ongewone behandeling van die vyand verantwoordelik is, is Elisa, die man van God. Elisa het die afgelope tyd die Arameërs se planne herhaaldelik gefnuik deurdat hy telkens koning Joram vooraf ingelig het oor waar die koning van Aram die volgende aanval sou loods. Die Arameërs het dit uitgevind en het Elisa in Dotan vasgekeer. Op die Godsman se gebed is hulle egter met blindheid geslaan. Elisa het toe aangebied om hulle die pad te wys, en het hulle ewe niksvermoedend tot binne-in Samaria gelei!

Ons korrespondent berig dat die koning van Aram laat gistermiddag aangekondig het dat hy alle vyandelikhede teen Israel staak. Sy leërs het ook sedertdien uit die land padgegee.

- Lees hiervan in [2 Kon. 6:8-23](#).

Om oor na te dink

Baie jare ná die gebeurtenisse waarvan op hierdie bladsy berig word, het die apostel Paulus gejubel: “Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of bose magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here” (Rom. 8:38,39). Dit het Jakob ook daardie nag by Bet-El ontdek en verruk uitgeroep: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.” En op die gebed van die vrome Godsman Elisa het sy slaaf raak gesien wat Elisa geweet het: dat God sy kinders met ’n hele leërmag omring en beskerm. In die woorde van Elia (2 Kon. 6:16): “Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as wat hulle is.”

God is oral. Ons kan nooit aan sy aandag ontglip nie, al probeer ons ook, soos Jona probeer het. Gelukkig kan ons nie. Gelukkig dat Hy Jona nie los om in sy dwaasheid weg te vlug nie. Gelukkig dat Hy ons nie toelaat om ons eie gang te gaan nie. Die Heidelbergse Kategismus noem dit ons “enigste troos in lewe en

sterwe”.


Hoe vreeslik sou dit nie wees as ons moontlik per ongeluk – of aspris – onder God se liefdevolle sorg kon uitval nie! Hoe maklik sou ons nie dan in Satan se kloue kon beland nie!

“U omsluit my van alle kante,” sê Dawid in Ps. 139:5. Ook vir jou omring God vandag met sy goedheid en liefde (Ps. 23:6). Dit is die evangelie. Prys God vandag daarvoor. Halleluja!

Seun bedrieg sy pa met sy ma se hulp; vlug

Van ons Ou Testament redaksie

BERSEBA. - Die eersgeboorteseën, ter wille waarvan 'n seun sy eie pa bedrieg het, het 'n holle nagalm gehad toe die einste seun kort daarna vir sy lewe die land uit moes vlug. Dit is maar een in 'n hele reeks voorvalle waarin die tweelingseuns van Isak, Esau en Jakob, betrokke was.



Hoewel Esau die oudste seun is, en dus die eersgeborene van Isak en Rebekka, het Jakob en sy ma dit nooit aanvaar nie. Toe Isak dus vir Esau vra om 'n wildsbokkie te gaan skiet en dit vir hom voor te berei omdat hy die eersgeboorteseën aan hom wil gee voordat hy sterf, het Rebekka vinnig vir Jakob gehelp om hom te vermom soos sy broer. Met vleis wat sy gaargemaak het, het sy vir Jakob na haar man gestuur. Isak se oë was al so sleg dat hy nie besef het dis die verkeerde seun wat voor hom staan nie. So het Jakob die seën ontvang wat vir Esau bedoel was.

Na berigte het Esau wraak gesweer, en was Jakob verplig om te vlug. Of die eersgeboorteseën nou vir hom iets werd sal wees, sal net die tyd leer.

- Lees hiervan in [Gen. 27](#).

Bringer van goeie boodskap tereggestel

SIKLAG. – 'n Jong Amalekiet is gisteraand hier tereggestel nadat hy aan Dawid die goeie nuus gebring het dat sy grootste vyand, koning Saul, op die slagveld gesneuwel het.

Volgens sy eie getuienis was die man 'n ooggetuie van die Israeliete se verpletterende neerlaag. Hy het gesien hoedat kroonprins Jonatan omkom, en het op koning Saul afgekom waar hy dodelik gewond op Gilboaberg lê nadat hy klaarblyklik in sy eie spies geval het. Op die koning se versoek het die Amalekiet hom doodgemaak en sy kroon en armband gevat en vir Dawid gebring, onder die indruk dat dit goeie nuus sal wees vir die man wie se lewe so lank deur Saul bedreig is.

Dawid was egter so ontsteld dat hy sy klere geskeur en tot die aand toe gerou en getreur en gevas het. Daarna het hy beveel dat die jong man summier tereggestel moet word. Toe hy die vonnis uitspreek, het Dawid gesê, en ons haal aan: “Jy het jou dood gesóék, want jy het jouself veroordeel toe jy gesê het: Dit is ek wat die gesalfde van die Here doodgemaak het!”

- Lees hiervan in [2 Sam. 1](#).

MAN SE AFGEKAPTE OOR AANGEHEG

Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. – Die omstrede rabbi Jesus van Nasaret het lede van die tempelwag laasnag hier verstom toe hy 'n oor wat met 'n swaard afgekap is, weer vasgesit het.

Dié uitsonderlike gebeurtenis het plaasgevind toe die tempelwag Jesus in die Tuin van Getsemane in hegtenis geneem het op 'n aanklag van godslastering. Een van Jesus se dissipels, Simon bar Jona, het 'n swaard uitgepluk om sy rabbi te verdedig, en die hoëpriester se slaaf Malgus se oor afgekap. Jesus het Simon skerp tereggewys omdat hy hom teen die inhegtenisname verset het, en daarna Malgus se oor genees.

In 'n onderhoud ná die voorval het Malgus gesê dit was 'n ongelooflike ervaring. "Die pyn was onmiddellik weg toe hy aan my geraak het, en ek verbeel my boonop ek hoor nou beter as voorheen!" het hy met 'n glimlag bygevoeg.

- Lees hiervan in [Luk. 22:47-53](#) en [Joh. 18:3-11](#).

Om oor na te dink

Sedert Petrus Malgus se oor afgekap het, moes Jesus al talle en talle wonde genees wat deur sy eie dissipels veroorsaak is - dikwels in hulle oorywerigheid om aan God se plan gestalte te gee in hul lewe of in die wêreld. Petrus het immers nie sy swaard getrek ter wille van homself nie, maar ter verdediging van sy Meester. En Rebekka en Jakob was ook nie heeltemal uit die koers toe hulle die eersgeboorteseën van Esau wou wegneem nie - hy het immers sy reg aan Jakob verkwansel vir 'n pot lensiesop. En het God nie self aan Rebekka gesê nie - reeds vóór die tweeling se geboorte - "die oudste sal die jongste dien" ([Gen. 25:19-34](#))?

Die probleem is net: hulle het nie 'n oog daarvoor gehad dat God op 'n ánder manier sy Koninkryk wil laat kom in hulle lewe nie. Hulle het nie vir God die kans gegee om die heil op sy manier uit te werk in hulle wêreld nie.

In dié opsig het Dawid besondere genade ontvang om te wag totdat God self sy beloftes aan hom waar maak. Hoewel hy dikwels in 'n posisie was om Saul te dood en só die troon te gryp wat hom as God se gesalfde toegekom het, het hy konsekwent geweier, omdat hy iets daarvan verstaan het wat die Here baie jare later by monde van sy profeet Sagaria vir ons leer: "Nie met mag en krag sal jy

slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige” ([Sag. 4:6](#)).

Bid dat God deur sy Gees ook aan jou dié besondere genade sal gee. Net só kan sy Koninkryk kom, ook in jou lewe.

TROUE VAN DIE JAAR

Van ons Ou Testament redaksie



Rebekka dogter van Betuel

LAGAI-ROÏ-FONTEIN. - Daar heers groot opgewondenheid in sosiale kringe hier oor die huwelik aanstaande week tussen Isak, seun van die skatryk Abraham seun van Tera, en die beeldskone Rebekka, dogter van Betuel van Haran in Mesopotamië. Heelwat jong dames sal waarskynlik in die volgende paar dae trane van teleurstelling moet wegpink, aangesien Isak, die enigste erfgenaam van Abraham se groot sakeryk, allerweë beskou is as die hubaarste man in Kanaän.

Rebekka is die kleindogter van Abraham se broer Nahor, wat in Mesopotamië agtergebly het toe Abraham hom destyds in Kanaän kom vestig het. Sy het gister saam met Abraham se hoofslaaf, Eliëser, hier aangekom.

Eliëser is vroeër vanjaar deur Abraham na Mesopotamië gestuur met die opdrag om 'n vrou vir sy seun Isak te soek. Op die vraag hoe hy te werk gegaan het om dié moeilike opdrag uit te voer, het Eliëser geantwoord dat dit net

gebedsverhoring is. “Ek het haar glad nie gesoek nie. God het haar reguit na my toe gestuur. Wonderlik, nê?”

- Lees hiervan in [Gen. 24](#).

Koning Saul en sy drie seuns sneuwel

GILBOA. – Die ganse Israel is in rou gedompel toe hulle koning Saul seun van Kis en sy drie seuns Jonatan, Abinadab en Malkisua op die slagveld hier gesneuwel het in een van die grootste nederlae nóg teen die Filistyne.

Die verpletterende nederlaag kom as geen verrassing nie, aangesien die moraal van die koning en sy manskappe reeds baie laag was voor die stryd, sodat hulle eintlik nie weerstand gebied het teen die Filistyne nie. Onbevestigde berigte lui dat koning Saul in 'n desperate poging om die situasie te beredder, selfs 'n dodebesweerder besoek het sodat hy die gestorwe siener Samuel kon raadpleeg. Blykbaar het dit nie lig vir hom gebring nie, want hy was daarna meer terneergedruk as ooit.

Politiese ontleders sê dat koning Saul eintlik sy eie ondergang bewerk het. Hy kon nooit werklik die mas opkom teen die Filistyne nie. Daarby het hy die enigste man wat die Israeliete met sukses teen hulle aangevoer het, Dawid seun van Isai, uit die land gedryf uit vrees dat hy sy koningskap van hom sou afneem. Ironies genoeg lyk dit na 'n uitgemaakte saak dat dit presies is wat nou sal gebeur, aangesien Saul se enigste oorlewende seun, die jong Es-Baäl wat hom nou opvolg, nie 'n sterk leier is nie.

- Lees van hierdie stormagtige geskiedenis in [1 Sam. 28](#) en [31](#).

Jong Joodse balling red land se slimstes

BABEL. – 'n Onbekende jong Joodse balling wat onlangs as koninklike raadgewer aangestel is, Beltsasar, of ook bekend as Daniël, het die land se slimkoppe van 'n gewisse dood gered toe hy 'n droom vir koning Nebukadnesar uitgelê het.

Die koning het 'n droom gehad wat hom hewig ontstel het, omdat hy aangevoel het dat die droom 'n boodskap van die gode is. Hy wou nie die droom bekend maak nie, en het van sy raadgewers verwag om nie net die uitleg nie, maar ook die droom self aan hom bekend te maak, sodat hy kon seker wees sy raadgewers versin nie 'n antwoord nie. Geeneen van die towenaars, voorspellers, goëlaars en sterrekykers kon dit egter doen nie. Daarop is 'n proklamasie uitgevaardig dat al die koninklike raadgewers doodgemaak moet word. Dit was tóé dat Beltsasar na vore getree het en die droom en uitleg aan die koning bekend gemaak het. Die doodsbevel is daarna opgehef.

- Lees hiervan in [Dan. 2](#).
-

Om oor na te dink

Die Bybel is vol daarvan dat ons 'n lewende God aanbid – 'n God wat 'n hoorder is van die gebed. En dan nie net gebede oor die groot dinge van die lewe nie – dit natuurlik ook. Daarom vertel die Bybel ons hoedat God op Daniël en sy drie vriende se ernstige gebede 'n antwoord gee wat nie net Daniël en sy vriende nie, maar ook baie ander mense se lewe gered het.

Maar God verhoor nie net gebede oor kwessies van lewe en dood nie. Hy wil ook in ons alledaagse lewe betrokke wees. Daarom lees ons van die vrome ou slaaf Eliëser wat in gebedsafhanklikheid sy meester se opdrag uitvoer.

God wil hê dat ons Hom moet raadpleeg oor alles. Tog val Saul se dringende gebede voor die slag van Gilboa op dowe ore, want gebed is nie bedoel as 'n kitsoplossing vir al ons probleme nie. Nee, gebed is die vrug van 'n lewe van innige verbondenheid met God. Wanneer gebed gebêre word net vir die krisistye in ons lewe, wanneer dit bloot 'n “laaste uitweg” is en nie deel is van 'n lewe van afhanklikheid voor die lewende God nie, kan dit gebeur dat die bidder – soos Saul – die verskriklikste antwoord sal kry: “Ek ken jou nie” (vgl. [Matt. 25:12](#)).

Godsman vertrek om sy seun te offer

Van ons Ou Testament redaksie

BERSEBA. - Die bekende en eerbiedwaardige handelaar Abraham seun van Tera het eergister te midde van groot spanning hiervandaan vertrek na 'n onbekende bestemming. Hy het net sy seun Isak en 'n paar slawe saamgevat. Volgens ingeligte bronne na aan die gesin, het hy 'n opdrag van God ontvang om die seun te gaan offer op 'n plek wat God hom sal wys.

Lesers sal onthou dat ons 'n tyd gelede berig het oor die opspraakwekkende geboorte van dié einste seun. Wat ons destyds nie vermeld het nie, is dat Isak gebore is nadat God herhaaldelik belowe het dat Hy aan Abraham en Sara 'n nageslag gaan gee. Die egpaar het uiteindelik 25 jaar lank op hierdie beloofde kind gewag. Dit is dus te begrype dat hierdie opdrag om die seun te gaan offer, as 'n groot skok gekom het.

Sara, Abraham se vrou, was nie vir kommentaar beskikbaar nie. Sy is glo ongesteld en het haar in haar tent teruggetrek en laat niemand naby haar toe nie.

- Lees hiervan in [Gen. 22:1-19](#).

DAWID VLUG LANDUIT

GAT. - Dawid, die briljante jong krygsheer van die Israeliete, het 'n groot opskudding veroorsaak toe hy gister as vlugteling in hierdie Filistynse stad aangekom het. Dit volg nadat daar 'n ernstige vertrouensbreuk tussen Dawid en sy skoonpa, koning Saul, ontstaan het.

Politiese kenners is dit eens dat die kans op versoening tussen die koning en sy skoonseun gering is. Hulle wys daarop dat koning Saul dit nie kan bekostig om

Dawid te vrye teuels te gee nie. Hy is 'n dinamiese krygsheld wat deur baie gesien word as die enigste een wat Israel van die Filistynse bedreiging kan red nadat die koning nie daarin kon slaag om hulle te onderwerp nie. Dit was immers hy wat destyds die Filistynse reus Goliat feitlik kaalhand verslaan het. Daar word al klaar gefluister dat hy die volgende koning van Israel moet word. Hardnekkige gerugte doen ook die ronde dat die siener Samuel hom reeds as die nuwe koning gesalf het. Dawid wou dit egter nie bevestig óf ontken nie.

Dit is 'n vraag of Dawid veilig sal wees in Gat. Die moontlikheid is nie uitgesluit dat koning Akis hom as 'n politieke speelbal kan gebruik om die Israëliete se moraal te breek nie. Dit lyk in elk geval of Dawid vir die afsienbare toekoms baie fyn sal moet trap as hy sy lewe liefhet.

- Lees van hierdie intriges in [1 Sam. 21:10-15](#).

Om oor na te dink

Laat ons maar vir mekaar sê: ons verstaan nie God se weë nie. Hoe kan jy dit verstaan dat Hy van 'n pa kan verwag om sy kind, 'n kind vir wie hy jare gewag het, te gaan offer? En dan moet hy boonop drie dae lank reis voordat hy by die plek kom waar hy die offer moet bring! Is dít die dankie wat die vrome Abraham kry na al sy opofferings? Is dít hoe 'n God van liefde lyk?

Vir Dawid was dit ewe onverstaanbaar dat hy, wat gesalf is tot koning van Israel, as banneling vir etlike jare by die gehate Filistyne moes gaan skuil. Speel God dan nou kat en muis met hom?

Jy sit moontlik ook met vrae in jou hart oor dinge wat God toegelaat het in jou lewe, dinge wat jy moeilik kan rym met 'n beeld van 'n liefdevolle Vader wat alles vir ons feil het.

Uit Abraham en Dawid - en ook ander gelowiges uit die ou tyd - se lewe leer ons egter 'n baie groot les: Hulle het aangegaan om agter God aan te loop ten spyte van die onverstaanbare dinge wat oor hulle pad gekom het. Daarom sien ons vir

Abraham met sy seun op pad na die berg Moria. Daarom weier Dawid volstrek om 'n hand teen Saul te lig, al kon hy by verskeie geleenthede maklik sy lewe neem.

Dit is ware geloof: om aan God vas te hou en Hom te bly gehoorsaam, al verstaan jy nie sy pad met jou nie. Om aan te hou omdat jy weet: al verstaan ék nie wat aangaan nie, Góð weet wel wat Hy doen. Geloof is om Hom te vertrou, met jou lewe te vertrou. Om te glo, soos Abraham, dat God wel op sy eie wyse sal voorsien ([Gen. 22:8](#)), al kan jy nie lig en uitkoms sien nie.

Om die pad agter God aan te loop, is soms bitter moeilik. Maar vir die gelowige is dit die enigste pad. Kom ons loop daarop met oorgawe!

Bejaarde vrou van 90 skenk geboorte

Van ons Ou Testament redaksie

GERAR. - Daar was gister ongekende vreugde in die laer van die skatryk donkiehandelaar Abraham seun van Tera toe sy vrou Sara geboorte geskenk het aan 'n fris babaseuntjie.

Wat die geboorte so merkwaardig maak, is dat Sara al 'n vrou van 90 jaar oud is, en Abraham al 100! Die vroedvrou wat Sara tydens die geboorte bygestaan het (vanweë professionele redes mag ons ongelukkig nie haar naam bekend maak nie), het gesê dat alles baie goed afgeloop het. "As jy Sara se ouderdom in ag neem, en in gedagte hou dat dit boonop haar eerste baba is, het die geboorte eintlik verstommend goed verloop," het die verligte vroudevrou aan *Bybelkoerant* vertel.

Kenners is dit eens dat daar gister mediese geskiedenis gemaak is. Een dokter wat om kommentaar genader is, het net sy kop geskud en gesê hy het in sy ganse lewe nog nie van so iets gehoor nie. "Ek kan my nie voorstel dat dit ooit weer sal gebeur dat so 'n ou vrou 'n baba kan hê nie. Dis net eenvoudig ongehoord."

Ondertussen is die laer in rep en roer soos daar voorbereidings getref word vir die feesvierings oor 'n week, wanneer die nuwe aankomeling van die gesin besny gaan word. Volgens Abraham is dit die gebruik by hulle dat elke seuntjie op die agtste dag besny word as teken dat hy aan die lewende God behoort.

Die kêreltjie oor wie al die opgewondenheid gaan, se naam is heel gepas Isak, wat "lag" beteken.

- Lees meer hieroor in [Gen. 21:1-7](#).

GENIET DIE LEWE, SÊ KONING

JERUSALEM. – Die koning het in 'n diepsinnige werk wat vandeemaand hier gepubliseer is, sy onderdane opgeroep om die lewe te geniet.

In die boek, wat hy onder die skuilnaam "Die Prediker" uitgee, skryf hy dat 'n mens op twee maniere na die wêreld kan kyk: jy kan daarna kyk as die begin en die einde van jou bestaan, en dan kom jy onvermydelik tot die slotsom dat alles tot niks kom nie en 'n gejaag na wind is. Of jy kan raak sien dat God betrokke is in ons wêreld, dat elke dag 'n gawe uit sy hand is. Dán word jou lewe 'n genot, en elke dag 'n avontuur.

Ons beveel die boek van harte aan. Lees dit gerus!

- Lees veral [Pred. 2:17-26](#) en [5:17-19](#).

Vyf brode en twee visse gee kos vir duisende

Van ons Nuwe Testament redaksie

BETSAIDA. – Die jong rabbi Jesus van Nasaret het gisteraand hier in die distrik groot opgewondenheid veroorsaak toe hy vir 'n skare mense (net die mans alleen was al omtrent vyf duisend) só baie kos gegee het dat daar, toe almal meer as genoeg gehad het, twaalf mandjies vol kos oorgebly het.

Dit was teen druktyd nog nie presies duidelik waar hy kos vir al die mense gekry het nie. Dit is algemeen bekend dat Jesus en sy dissipels dit nie breed het nie, en die kos sou 'n klein fortuin gekos het as hulle dit moes aankoop. Sy dissipels beweer dat Jesus vyf garsbrode en twee vissies by 'n seuntjie gekry het, en dat hy dít eenvoudig begin breek en vir die mense uitgedeel het. “Dit was ongelooflik. Die brood en die vis het net al meer en meer geword! Hoe meer hy dit verdeel het, hoe meer was daar, totdat almal gekry het. Dis 'n wonderwerk,” het Simon, die leier van die dissipels, opgemerk. Dit lyk asof die skare hiermee saamstem, want hulle praat onder mekaar dat hy die Profeet is wat volgens ou voorspellings na die wêreld sou kom. Daar is selfs sprake dat hulle hom koning wil maak.

Een van die Skrifgeleerdes met wie ons gepraat het, is egter baie beslis dat die “wonderwerk” een groot wolhaarstorie is. Net God kan immers wonders doen, het hy met nadruk gesê. Sy verklaring is dat die mense almal kos by hulle gehad het, maar net te skaam was om dit uit te haal. Toe Jesus die brood en vis te voorskyn bring, het dit die ander die vrymoedigheid gegee om ook hulle kos te begin eet. Vandaar al die kos. Hy kon egter nie aan ons verklaar hoekom die oorskiet in die mandjies nét uit garsbrood en vis bestaan het nie.

- Lees hiervan o.a. in [Joh. 6:1-15](#).

Om oor na te dink

As 'n mens deur die Bybel blaai, verstom dit jou telkens hoeveel uitsprake daarin gemaak word wat dit duidelik maak dat God wil hê dat ons dit moet geniet op hierdie aarde. Een van die bekendste gedeeltes in dié verband is natuurlik Fil. 4:4: “Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!” God wil nie 'n pretbederwer wees nie; intendeel, Hy gun ons 'n gelukkige, vreugdevolle lewe. Prediker 2:24 sê dat dit een van God se gawes aan ons is: “Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is.” G'n wonder nie dat Jesus vir die skare 'n impromptu-feesmaal verskaf.

Abraham en Sara het iets hiervan gesnap toe hulle hulle seun Isak genoem het:

God het die lag in hulle lewe teruggebring.

Wees jy ook hierdie dag bly! God gun dit vir jou.

Vrou word soutpilaar

Van ons Ou Testament redaksie

SOAR. – 'n Man het hier beweer dat sy vrou in 'n soutpilaar verander het toe hulle uit Sodom gevlug het net voor die verwoestende ramp die stad getref het.

Lot, 'n broerskind van die bekende donkiehandelaar Abraham van Hebron, is glo die aand voor die ramp deur twee onbekende mans ingelig oor die dreigende gevaar. Die mans het hom en sy gesin beveel om so vinnig moontlik pad te gee. Hulle moes vlug sonder om om te kyk, want, het die mans gesê, God gaan die stad straf oor sy sonde.

'n Entjie van die stad af het sy vrou glo omgedraai omdat sy van die kosbaarhede wat hulle in die huis moes agterlaat, wou gaan haal. Dit was toe dat sy in 'n soutpilaar verander het. Slegs Lot en sy twee dogters het die ramp oorleef.

- Lees hiervan in [Gen. 19](#).

NABOT GESTENIG

JISREËL. – Die boeregemeenskap hier is met skok vervul oor die dood van een van die gesiene boere van dié vrugbare vlakte. Nabot, die eienaar van 'n spogfamilieplaas net langs die koning se somerpaleis, is met klippe doodgegooi nadat hy skuldig bevind is aan Godslastering. Hy het ook die koning gevloek, het die plaaslike hof bevind.

Hardnekkige gerugte doen egter die ronde dat sy dood 'n goed beplande set van

koningin Isebel is om die grond van Nabot in die hande te kry. Dit is 'n algemeen bekende feit dat koning Agab lankal sy oog op die wingerd het, aangesien dit aan sy paleisgronde grens. Hy het juis verlede week 'n aanbod vir die grond aan Nabot gemaak, maar Nabot het geweier. Die koning was volgens gerugte baie teleurgesteld omdat hy nie daarin kon slaag om die grond te bekom nie.

Koning Agab het net na Nabot se dood op die grond beslag gelê.

- Lees hiervan in [1 Kon. 21:1-16](#).

Generaal gesond; Elisa se kneg siek

SAMARIA. - Die wonderbaarlike genesing van genl. Naäman waaroor ons verlede week berig het, het 'n tragiese nadraai gehad toe Elisa se kneg, Gehasi, melaats geword het.

Sover vasgestel kan word, het Gehasi melaats geword kort nadat genl. Naäman vertrek het. Blykbaar wou die profeet geen vergoeding van die generaal aanvaar omdat hy hom gesond gemaak het nie. Gehasi het toe sonder sy meester se medewete 'n betaling van 68 kg silwer en twee stelle klere van Naäman gevra en dit in sy kamer versteek. Die profeet het dit uitgevind en aangekondig dat Gehasi as straf self melaats sal word.

Hy het Gehasi uit sy diens ontslaan.

- Lees hiervan in [2 Kon. 5:15-27](#).

Mededeelsaamheid kenmerk gemeente

Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. - Ou inwoners van die stad praat met groot lof van die nuwe gemeente van Jesus. "Dit is verbasend dat hierdie mense alles vir mekaar oorhet, en dit terwyl die meeste van hulle mekaar maar onlangs eers leer ken het," het een teenoor ons opgemerk.

Toe *Bybelkoerant* ondersoek ingestel het, kon ons nie anders as om dit ook op te merk nie. Niemand hou sy goed net vir homself nie. Party lede van die gemeente verkoop selfs hulle eiendom om uit die opbrengs ander lede te kan ondersteun.

- Lees [Hand. 4:32-37](#).
-

Om oor na te dink

Dit is nie nodig om die verwoestende gevolge van materialisme (vir jousef én ander) uit te spel nie; uit hierdie paar gedeeltes is dit duidelik genoeg. As jou besittings jou god word, is daar min vryheid oor om agter die Here Jesus aan te loop. Die ywer na meer maak jou blind vir die nood van ander, want jy leef net vir jousef en jou goed. Wanneer jy ontdek dat alles wat jy het, in elk geval aan God behoort, dat dit net aan jou geleen is om met vreugde te geniet, gaan jou hart oop vir ander, en word dit moontlik om ander lief te hê.

Is jou aardse besittings jou hoogste goed?